# KOERSVAS

Jaargang 13 Uitgawe 248
13 Maart 2026

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr J Otto

**In hierdie uitgawe:**
**Redaksioneel:** **Sterk gevoelens**
**Berigte:** **Litigasie**

**Lewensbrood 2027**
**Kennisgewings**

## REDAKSIONEEL

### Sterk gevoelens

Bietjie meer as ‘n week gelede het Israel en die VSA aanvalle geloods op Iran. Verskeie teikens is getref, baie vernietig. Militêre teikens en leier figure is in die aanvalle gedood, so ook die hoofleier van Iran. Hierdie aanvalle het tot hewige reaksies gelei en mense het luid hulle opinies gelug. Kom ons suspendeer onder protes vir ‘n oomblik die groot tragedie van lewensverlies en kyk net na mense en hulle persepsies. Aan die een kant was daar die juigkommando. Mense wat om verskeie redes bly is, selfs dankbaar is oor die aanvalle. Mense wat in die land self woon en onder ‘n tiranniese regime gebuk gegaan het vir meer as 47 jaar. Dit is veral vroue wat onder die streng Sharia wette moes ly wat met vreugde gehoor het van die dood van die Ajatolla. Nie lewe nie maar dood; dood van onderdrukkers word afgespeel teen dood van die onderdruktes. Baie ballinge het ook met hoop kennis geneem van die deur wat dalk oopgemaak kan word; na jare van ballingskap terugkeer na hul heimat toe. Vir vele was die aanvalle oomblikke van trots omdat daar beslissend opgetree is en die aanvalle effektief was in hulle vernietiging. Die emfatiese steun vir die VSA en Israel het sterk gevoelens en sterk woorde tot gevolg gehad.

Aan die ander kant was daar diegene wat die aanvalle betreur het. Mense in Iran self – weliswaar fanatiese Moslems - wat die aanvalle verdoemend veroordeel het. So ook mense in die buiteland wat vir eie redes die hele gedagte van militêre ingrype in Iran veroordeel, om een asem later die staat geborgde terreur van Iran se gesante en handlangers goed te praat. In ons eie land was daar diegene wat saam met die EFF en Carl Niehaus die apartheid staat Israel en die “Satan” VSA veroordeel, terwyl hulle solidariteit betuig met die onderdrukkende regime wat duisende mense vermoor.

Die ironie is dat daar in die politieke spektrum ook die is wat staan vir reg en regverdigheid, maar gelyk daarmee die arrogante en astrante houding van die VSA onsmaaklik vind.

Dieselfde uiteenlopende sterk gevoelens en reaksies word ontlok deur iemand soos Donald Trump. Baie mense kan hom nie verdra nie, en sal selfs dubbele standaarde handhaaf, net om nie met hom geassosieer te word nie. Daar is diegene wat sy foute raaksien en tog dink hy is beter as gesnyde brood. Uiteenlopende gevoelens oor een en dieselfde persoon.

Die VSA self ontketen by ons uiteenlopende reaksies. Hulle arrogansie is – kan mens sê legendaries - en tog is dit die VSA owerhede (*Bureau on Democracy, Human rights and Labour,* deel van die

VSA se *State department*) wat in 'n nuwe verdoemende verslag aandui dat daar 'n ontstellende, merkbare agteruitgang was in die regte van die mense. Dit is veral die onteiening wetgewing en die EFF se optrede wat kommer wek. Daarmee saam is hulle gevolgtrekking dat boere geteiken en vervolg word. Sterk standpunt wat ingeneem word deur mense teen wie sommige volksgenote sterk standpunt inneem.

Dan is daar Rusland. Daar is die goeie ou dae van praat van die Rooi gevaar (eintlik kommunisme en USSR) wat vandag se standpunte aanvuur. Mense vergeet dat daar Russe was wat saam met ons mense teen die Engelse geveg het in die Engelse oorlog. Daar is vandag groepe in Rusland wat ons mense uiters goedgesind is. Tog is daar baie sterk negatiewe gevoelens teen Rusland.

Wat lê agter dit alles. Ons gevoelens en ons reaksies word bitter min deur die waarheid en feite aangevuur. Ons gevoelens het minder met die objektiewe van gebeure te make en meer met ons eie subjektiwiteit. Wat is dit wat ons tot sterk standpunte bring? Dit is persepsies, emosionele wonde, ideologiese vooroordele, selfsugtige eiebelang, onbegrip en wanbegrip, stiksienigheid, ongegronde haat, vrees vir die onbekende, anachronisme en nog vele ander wat genoem kan word.

Ons sterk gevoelens oor 'n saak is so baie kere gebou op eie persepsies eerder as objektiewe feite. Het dit nie tyd geword vir ons om ons standpunt rasioneel te substansieer nie?

Wat is die "ABSOLUTE" wat al ons argumente onderlê?

**Litigasie**

Hiermee bevestiging dat die saak tussen GHG gemeentes en die NHKA op 9 - 20 November 2026 in die Gauteng hooggeregshof aangehoor sal word. Gemeentes en lidmate word versoek om ten behoewe van ons saak ernstig te bid en finansieel ruim by te dra om hierdie saak van harte te ondersteun. Die einde is in sig! Daar is besluit op 'n Kliënte vergadering van die gemeentes wat betrokke is by die litigasie op 21 Maart 2026 by Meyerspark gemeente. Gemeentes is uitgenooi om afgevaardigdes te stuur.

**Lewensbrood 2027**

Die beplanning vir volgende jaar se Lewensbrood is reeds op dreef. Predikante sal binnekort die versoek en werkindeling ontvang. Die redaksie bedank by voorbaat elke predikant vir onbaatsugtige werk in die skryf van die oordenkings. Gemeentes word dringend versoek en aangemoedig om nou reeds te begin met die bemarking van volgende jaar se uitgawe sodat genoeg bestellings ontvang kan word om die produk koste-effektief te druk en versend.

**KENNISGEWINGS**

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:
Kalenders
Kwitansieboeke
Offergaweboeke
Dames Kwitansieboeke
Konsistorieboeke
Reklame-plakkate en ander drukwerk
ella@teamworkprinters.com